

Vrydag 24 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 81

Fokusgedeelte: Psalm 81:2, 11

Getuig van die grootste Goddelike ingryping!

Asaf, die Psalmdigter, lewe in die tyd van koning Dawid. Hy het aan die hoof gestaan van die Levitiese sangers en het self verskeie Psalms gedig wat in die Bybel opgeneem is. Hy het in 'n onstuimige tyd geleef. Polities was Israel kort-kort in gevegte met vyandige volke betrokke, en sosiaal en godsdienstig gesproke was dit maar 'n droewige tyd ... 'n tyd waarmee ons ook vandag in Suid-Afrika kan assosieer.

Wanneer Asaf die volk oor hulle lou godsdienstige lewe aanspreek, draai hy geen doekies om nie. Dit is asof ons hoor sê: “Julle gee voor dat julle die Here dien en dat julle Hom vertrou (vs 16), maar intussen volg julle julle eie wil na” (vs 13).

Om die volk tot inkeer te bring, neem Asaf hulle terug in die geskiedenis, terug na die wonder van Israel se verlossing uit Egipte (vs 6-8). Een waarheid staan onteenseglik vas: dit was slegs deur kragtige Goddelike ingryping dat daar in die verlede vir Israel verlossing gekom het.

Luister daarom, Israel, elke mond moet bely: “Die Here alleen is God en Verlosser (vs 11a), Hy is ons Sterkte (vs 2), en Hy is ons Versorger (vs 11b). Vertrou Hom en dien Hom alleen” (vs 2-4).

In Suid-Afrika staan ons vandag in 'n soortgelyke realiteit. Ons redding is slegs in die Here te vind. Anders as Israel, kyk ons nie terug na 'n redding van slawe-arbeid in Egipte om onself aan God se genade en krag te herinner nie. Ons kyk terug na 'n kruis op Golgota waarvandaan daar ewige verlossing gekom het vir elkeen wat in Christus glo. Dit is die kragtigste Goddelike ingryping denkbaar, en op hierdie verlossingsdaad moet ons met dankbare gehoorsaamheid antwoord.

“Jubel tot eer van God ons sterkte ...” (vs 2a).

Sing: Skrifberyming 2-5:1, 3

Dr. SP van der Schyff (Fanie) (Pretoria-Brooklyn)